Handboeklys

HOËR SERTIFIKAAT IN KANTOORADMINISTRASIE (PROJEKADMINISTRASIE)

MODULE	BESONDERHEDE	VOORBLAD	*GESKATTE KOSTE
Administratiewe Praktyk (APC 105)	Akademia studiemateriaal.		Word gratis aan studente in elektroniese formaat verskaf.
Kantoortegnologie en dataverwerking (OTD 105)	Akademia studiemateriaal.		Word gratis aan studente in elektroniese formaat verskaf.
Bedryfskommunikasie (COM 105)	Strydom, JW. 2015. *Basics of Business Communication.* 3rd Ed. African Academic Warehouse. ISBN: 978 0 620 50739 4		R520

Klientediens en Etiek **(CSE 105)**	Humphrey, D. 2011. *Customer Service: 21st Century Business.* 2nd Ed. Cengage. UK. ISBN: 978 0 538 74028 9 *Verkryging van hierdie studiemateriaal sal tydens die kontaksessie deurgegee word.* *e-boek beskikbaar		R300
Beginsels van Projekbestuur **(PPM 105)**	Akademia studiemateriaal.		Word gratis aan studente in elektroniese formaat verskaf.
Sakeberekeninge **(BCL 105)**	Wegner, T. 2016. *Basic Mathematics: A Revision Primer for Management Students*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta. ISBN: 978 1 485 113836		R350

***Die bogenoemde bedrae is slegs geskatte bedrae – pryse mag verskil.**

Aankoop van handboeke:

Daar word van die student verwag om **self** die handboeke aan te koop. Die student is welkom om self te besluit of hy/sy die elektroniese boek of ’n gedrukte boek wil koop.

Let daarop dat daar wagperiodes betrokke kan wees met die bestel van handboeke. Sorg asseblief dat jy vroegtydig jou handboeke aanskaf omdat dit reeds met kontaksessie 1 gebruik word.

Akademiese boekwinkels:

Die handboeke is beskikbaar by die volgende akademiese boekwinkels:

(Studente is ook meer as welkom om van ander boekwinkels gebruik te maak)

- **Credo Books**
  Handboeke kan aanlyn deur Credo Books bestel word.
  info@credobooks.co.za
- **Academiks**
  Handboeke kan bestel word deur Academiks by Anne Buys.
  anne@academiks.co.za
- **Van Schaik**
  Sommige van Van Schaik se boeke is as e-boeke beskikbaar. Hierdie boeke behoort dieselfde of minder te kos as die gedrukte boeke en is beskikbaar by https://www.vanschaik.com/
  Kontakpersoon by die winkel is:
  Salmina Ntsane
  Salmina.ntsane@vanschaik.com
  Tel: 012-362 5701
- **Protea**
  Besoek webtuiste om die naaste Protea boekwinkel in jou omgewing te identifiseer www.proteaboekhuis.com
  Vir aanlyn boekbestellings besoek https://www.proteaboekwinkel.com
- **BookExpress (CIMA & ander handboeke)**
  Besoek webtuiste vir boekwinkel se adres – www.bookexpress.co.za
  E-pos: info@bookexpress.co.za
  Tel: 011 726 8208 / 011 482 8433
  SMS/Whatsapp: 084 444 5158

Engelse handboeke:

- Engelse handboeke is grootliks deesdae onvermydelik. Aangesien uitgewers en skrywers ingekoop het in die mite dat "alles Engels word" en aangesien Engels dus aangeneem word as die *lingua franca,* is ons by Akademia ook genoodsaak om Engelse handboeke aan ons studente voor te skryf. Aangesien gehalte onderrig en die student se deelnemende leer van uiterste belang vir ons akademici is, skryf ons ook nie net enige handboek voor nie – so sal ons ook nie net ’n handboek voorskryf omdat dit in Afrikaans is nie, maar doen ons akademici moeite om die beste, geskikte handboek wat ons

studente ten beste deur die module gaan begelei om die verlangde leeruitkomste te bereik, te verkry.

- Akademia heg groot waarde aan moedertaalonderrig en is ons moedertaal Afrikaans. Dis die taal waarin ons leer, leef en interaksie met studente het. Dis ook die taal waarin ons basiese konsepte aan studente kan verduidelik. Die Afrikaanse student met ’n Engelse handboek het ’n mededingende voordeel bo ’n Engelssprekende student met ’n Engelse handboek. Ons studente kan nie net in "o ja" verval en die werk uit die handboek kopieer en plak nie, maar moet as't ware "hulle hande vuilmaak met die werk", dit verdiskonteer, die verstaan, begryp, weergee en toepas. Dis juis daar waar die leer (in hul moedertaal) kan plaasvind. Wanneer daardie ontknopings in hul moedertaal (as hul byvoorbeeld Afrikaans is) gebeur, vind leer en ontwikkeling plaas.
- ’n Engelse handboek sal beslis uitdagend wees vir ’n student wat nie betrokke is in sy/haar eie leerproses nie. Indien daardie Engelse bron gesien word as iets addisioneel tot leer en die student bloot poog om vertaalde "opsommings" te maak, kan ek ook sien dat dit ’n bepaalde probleem vir die student kan inhou. Dis daarom van kardinale belang dat die student voorbereid klas toe kom, sodat daardie ontknopings vir hom/haar in hul moedertaal kan plaasvind en die voordeel wat die Engelse handboek inhou, tot sy reg kan kom.